# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (45/16)*


(Volg my op Twitter justchad_cga)

*Justin Chadwick 2 Desember 2016*





***"I can win an argument on any topic, against any opponent. People know this, and steer clear of me at parties. Often, as a sign of respect, they don't even invite me" Dave Barry***

## SEISONALE OORSIG: VALENCIAS




Gegewe die warm, droë 2015/16 somer, het Valencia produsente besef dat daar 'n tekort aan vrugte in hul seisoen gaan wees - die variëteitsfokusgroep se skatting was 12% minder as 2015 se 52.5 miljoen wat gepak is – 46,4 miljoen kartonne. Die seisoen was normaal tot en met week 34; en toe het die pakkery skeef geloop!! Vandaar was die weeklikse verpakking ver onder die vorige jaar, en het omtrent 5 weke voor die vorige jare klaargemaak. As gevolg hiervan was die finale volume wat vir uitvoer gepak is 41.6 miljoen kartonne - 'n massiewe 21% minder as 2015 en 10% onder die skatting.




Soos verwag met 'n afname van 21% in dit wat gepak is – het alle markte behalwe een mark minder volume ondervind. Die een streek wat die teendeel bewys het, was Suidoos-Asië waar volumes van 6,6 m (14%) tot 6,8 miljoen kartonne (17%) toegeneem het. Die grootste streek – Europa - het met net 4% (2015 16.2 m na 2016 15.5 m) afgeneem. Die tweede grootste streek - Midde-Ooste - het met 21% (2015 11m na 2016 van 8,7 m) afgeneem. Noord-Amerika het met 31% (1.1 m); VK met 31% (2,2 m); Rusland met 34% (2,7 m); Afrika met 40% (0,6 m) en Asië met 43% (1,7 miljoen) afgeneem.

## ONDERSTEUN 'n STUDENT BY DIE CGA SITRUS SUMMIT: 8-9 MAART 2017

Elke jaar belê die sitrusbedryf in Suid-Afrika meer as R2 miljoen in beurse - die grootste beursfonds vir landbou in die land. Dit is ter erkenning dat die jeug ons toekoms is - dit is mense wat Suider-Afrika se sitrusbedryf 'n globale leier gemaak het - die beursfonds, wat deur die Sitrus Akademie geadministreer word, verseker dat ons toepaslike, gekwalifiseerde en ervare mense in die toekoms sal hê. Een van die programme wat deur die Sitrus Akademie aangebied word, is "Industry Exposure"- studente van die Akademie kan nie gemis word nie, aangesien hulle by konferensies en gebeurtenisse wat met die sitrusbedryf verband hou, in hul helderkleurige hemde teenwoordig is. Die Sitrus Summit in 2017 is nog 'n plek wat die Akademie geoormerk het as belangrik vir studente om by te woon. Die Sitrus Akademie is op soek na borge om die bywoning van studente te befonds - ondersteuning vir die student sal op hul klere, mediaverklarings en fotogeleenthede erken word. Indien u graag 'n student wil ondersteun - kontak asseblief vir Candice Burgin by candice@citrusacademy.org.za

**Registreer nou by www.cga.co.za en verseker dat jy deel is van die toekomsplanne van Suider-Afrika se sitrusbedryf.**